

Sing vooraf: Psalm 46:1 (p. 237)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die nood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwankel in die see -
ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:2 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed.

Psalm 138

-1-

'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die gode, in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Skriflesing: Genesis 4

Teks: Genesis 4:23 & 24; Kategismus Sondag 40

En Lameg het aan sy vroue gesê: Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord! Voorwaar, ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewe en sewentig maal. (Genesis 4:23-24 AFR1953)

Kain slaan sy broer Abel dood in die eerste jare van die wêreldgeskiedenis.

- Die eerste moord op die aarde is gepleeg.
- Dink aan die geweldige skok wat dit vir die eerste mense moes wees toe hulle die eerste dooie mens gesien het!

Oor hierdie afskuwelike daad van Kain het hy nooit berou gehad nie.

- Omdat God sondes straf tot in die derde en die vierde geslag, het hierdie daad ook bly voortlewe in die nageslag van Kain.
- Ons het gelees dat ons dit by sy kleinseun ook aangetref het.

Van daardie dag af tot vandag toe het die daad, en die sonde daaraan verbonde, gegroei.

Kom ons kyk na die volgende sake:

- 1. Hoe het moord begin**
- 2. Wanneer pleeg ons nou eintlik moord?**
- 3. Wat van genade?**

1. Hoe het moord begin?

Nadat Kaïn die moord gepleeg het, het die Here self onderneem om Kaïn te beskerm.

- Dit het daarin bestaan dat die Here enigeen wat hom doodmaak, sewevoudig sou wreek.
- In die geslagte wat die Here verwerp het, het hierdie ding so negatief gegroei dat Lameg sê sy dood moet sewe-en-sewentig maal gewreek word.
- Die Here hoef nie hierdie wraak uit te oefen nie – hy wat Lameg is, sal dit self doen.

Dit is dus baie duidelik uit hierdie gedeeltes in die Bybel dat 'n moordenaar homself as God beskou, omdat hyself al sy wraak voltrek – omdat hy sy eie grootheid wil handhaaf deur doodslag.

Dit was hoe moord begin het.

- Dit het ontstaan in 'n geslag van mense wat God en sy gebooië verwerp het.
- Dit het ontstaan by mense wat self hulle lewensloop wou bepaal.

Dit is dus een van die heel logiese dinge dat daar op die een of ander stadium 'n gebod soos die sesde gebod moes kom, naamlik dat jy nie mag doodslaan nie.

- Iemand wat moord pleeg, skaar hom baie duidelik teen die Here en sy gebooië – met ander woorde, by die geslag van Kaïn en Lameg.
- 'n Verdere rede vir die sesde gebod is naamlik dat God se kinders Hom moet ken.

Een van die maniere waarop die Here geken word, is om te weet wat Hy van sy skepsele verlang.

- Diens aan die Here is onder andere onderhouding van sy wil – dus die onderhouding van die gebooië.
- In hierdie geval die verbod op doodslag.

'n Verdere rede vir die verbod op doodslag is dat die Here alleen lewe kan gee.

- Lewe kom met die skepping uit God se hand, want Hy skape die plante, diere en mense met lewe in hulle.
- Hy is ook die enigste een wat lewe kan onderhou.
- Nie 'n mens of 'n engel kan besluit wanneer iemand lank genoeg gelewe het op die aarde nie.

Die Here alleen kan by al die dinge ook nog beskik dat so 'n persoon se siel versorg word nadat sy aardse lewe beëindig is.

- Dit kan alleen deur die Here gedoen word.
- Daarom neem die Here dit op Homself om die lewe te bewaar.
- Hy doen dit op so 'n manier deurdat Hy sy wet aan ons gee, waarin Hy ons lewe rig en lei.
- Hy rig ons op só 'n wyse dat ons verstaan dat ons nie mag het oor die lewe nie: Jy mag nie doodslaan nie.

Die Here gee positiewe leiding deurdat Hy aan ons leer dat net bloot *nie doodslaan nie*, nie genoeg is nie. Ons moet positief ons naaste se eiendom en sy lewe beskerm en hom help om sy lewe te laat ontwikkel en ontplooi.

Waarom verbied God moord?

- Wanneer ons iemand vermoor, gryp ons in in die werk van God.
- Ons is nie daarmee tevrede dat die Here my lewe beplan en dat sekere konflikte met mense daarin mag voorkom nie.
- Ons wil oorneem – met ander woorde, met moord probeer ons om God se handewerk uit die pad te kry!

Dis presies wat Kaïn gedoen het.

- Hy was nie tevrede dat God sy broer se offer aansien en syne nie aansien nie!
- Met sy broer uit die pad, sou net hy oorbly om te offer.

Hierdie daad kan tog nie ongestraf bly nie! Daarom die sesde gebod: Jy mag nie doodslaan nie.

- Dis nie jou werk om dood te slaan nie, want die Here het ander opdragte aan jou gegee.
- Jy moet met jou hele lewe die Here vereer – al die dinge wat die lewe self aangaan, is die Here se werk.
- Dit is nie deel van ons opdrag dat ons oor mekaar aangestel is om lewe en dood uit te deel nie – daarvoor beskik God en Hy alleen.

2. Wanneer pleeg ons nou eintlik moord?

Die sonde van moord het altyd 'n ontwikkeling en 'n agtergrond – soos by Kaïn.

- Meestal is ons kwaad vir iemand.
- Dan kom die beplanning tot moord.
- Eintlik is dit dan 'n dubbele sonde, want die Here sê dat die wraak Hom alleen toekom.

Al hierdie sake wat baie swaar weeg by die Here, word baie maklik deur ons vergeet.

- Let u op dat ons hierdie gebod op baie verskillende maniere oortree?
- Dit is nie net moord wanneer jy iemand byloop en doodmaak nie.

Die Kategismus gee 'n hele reeks metodes van moord aan:

- Die eerste een is **gedagtemoord**.
 - 'n Mooi voorbeeld uit die Bybel is Herodias wat listige planne maak om Johannes die Doper doodgemaak te kry.
 - In hierdie opsig is die mens erger as 'n dier!
 - Hoeveel dinge loop ons nie soms alles en dink en beplan om ons op iemand anders te wreek nie!
 - Partykeer omdat ons te na gekom is, en ander kere net omdat ons nie met iemand oor die weg kan kom nie.
 - Sommiges van ons het die geaardheid om vir lang rukke met wraakgedagtes rond te loop omdat dit vir ons 'n manier is om af te koel, en ons woede te laat sak.
- Die tweede moordmetode is volgens die Kategismus 'n **woordmoord**. Ons ken almal hierdie metode.
 - Wie van ons ken nie die venyn waarmee iemand se hele lewe afgebreek kan word met 'n skinderstorie nie?

- Of nog erger: Erger as skinder is om iemand te vervloek. Dis 'n vloek oor iemand om te wens dat hy iets moet oorkom, of doodgaan, omdat ek ongemaklik is met hom.
- Nog 'n manier van vermoor met die woord is die tergerly wat ons soms so ewe onskuldig doen. Maar ons doen dit so skerp spottend dat die persoon wat gespot word, inmeakaarkrimp soos hy seergemaak word.

As ons dit nie eers met die woord mag doen nie, sê die Kategismus, dan mag ons dit soveel minder met die daad doen.

- Dit is nie so dat dit 'n kleiner sonde is om iemand te beskinder as om hom met jou eie hande te vermoor nie.
- Al twee is sonde, of jy dit nou met jou hand of met jou hart doen – of met die mond.
 - Die bewys hiervoor is dit: Die Here Jesus Christus sê dat 'n man voor God al klaar egbreuk gepleeg het as hy net na 'n vrou gekyk het om haar te begeer. *Dieselfde geld van moord. Moord is by die Here moord, of dit die beplanning is of die daad self.*

Die toepassing van hierdie gebod het natuurlik konsekwensies wat verder strek as net ons self.

- As ons nie self iemand mag vermoor nie, mag ons ook nie iemand anders gebruik wat die werk vir ons sal doen nie.
- Die manier van moord pleeg deur 'n tussenganger was al in die Bybeltyd goed bekend en veroordeel.
 - Dawid pleeg owerspel met Batseba. Wanneer hy agterkom dat sy verag, onderhandel hy met Joab, sy leërowerste om Uria, Batseba se man, uit die weg te ruim. Om twee redes moes Uria vermoor word: Dawid wou Uria se vrou hê en hy moes dood sodat daar nie 'n openbare skandaal sou volg waarin die koning betrek is nie.
 - 'n Ander voorbeeld is Isebel wat met die hulp van valse getuies sorg dat Nabot om die lewe gebring word sodat haar man Nabot se wingerd in die hande kan kry.

Die saak van doodslag is so ernstig dat al die aspekte daarvan deeglik onderstreep moet word.

- Ek moet besef dat die saak so ernstig is dat ek dit nie eers in my gedagtes mag kry om iemand te wond of te onteer nie.
- Die Here verbied ook nie net doodslag teenoor 'n party buite jouself nie.
 - Die Here beskerm ons ook teen onself. Jy mag jouself ook nie doodmaak nie.
- Weer het hierdie gebod 'n wyer betekenis as net die letterlike doodmaak.
 - Jy mag nie moedswillig wees en jouself onnodig aan gevaar blootstel nie.
 - Jy mag ook nie onnodige gevaarlike dinge doen nie.
 - Dan is jy 'n potensiële selfmoordenaar.
 - Terselfdertyd versoek jy God deurdat jy kyk hoe ver jy kan gaan en die Here jou steeds beskerm.
- Die beginsel wat hier ter sprake is, is dieselfde een wat gegeld het toe die satan Christus versoek het om van die dak van die tempel af te spring omdat daar geskrywe staan:

As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie. Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie. (Matteus 4:6-7 AFR1953)

Niemand van ons het nie hierdie gebod nodig nie. Almal van ons oortree hierdie gebod op die een of ander manier.

Hoe moet ons nou hierdie wet van die Here benader?

- Die wet is in die eerste plek geestelik.
 - Met ander woorde, dit is in die eerste plek op my hart gerig.
 - Die wet is gerig op die plek wat die lewensbeplanning behartig.
- Die Here is ons Skepper en Hy weet dat Hy ons so geskape het dat al ons beplanning in ons hart gebore word.
- Die wet probeer dus om die wortel van die sonde af te kap deur die diepste sondes aan ons bloot te lê.

Dit is die rede waarom die Kategismus 'n hele reeks geestelike hartsiektes opnoem – nyd, toorn, haat en gierigheid.

- Almal bekende sondes in die geskiedenis van die mens en in elke mens se lewe.
 - Dink hier aan Josef se broers wat hom uit haat en nagaandigheid verkoop het.
 - Of wraak: Ons het mos geles van Lameg uit die geslag van Kaïn.

Dit is alles dinge wat in ons harte omgaan, want die Bybel sê mos: Uit die hart is die uitgange van die lewe.

Maar die dinge wat uit die mond uitgaan, kom uit die hart, en dit is dié wat die mens onrein maak. Want uit die hart kom daar slegte gedagtes, moord, egbreuk, hoerery, diewery, valse getuienis, lastertaal. (Matteus 15:18-19 AFR1953)

3 Wat van genade?

Tog verdra die Here ons. Ondanks al die gebooi wat ons oortree, is daar vir ons die hoop om die ewige lewe in te gaan – as ons ons bekeer.

- Ons bid dan in die “Onse Vader” dat die Vader ons ons sondes moet vergewe, soos wat ons ons skuldenaars hulle oortredinge teen ons vergewe.
- Dit beteken dat die Here ten volle bereid is om ons ons sondes te vergewe. Ook die sonde van doodslag.

Hoe? Hierdie gebod wys ons na die Here Jesus Christus toe.

- Ons moet ons naaste liefhê soos onself – soos wat Christus ons liefgehad het.
- Ons moet met ons naaste presies net soveel geduld en vrede hê soos wat ons verwag dat hy met ons moet hê.

Ons kan hierdie gebod net gehoorsaam in die krag van die Here Jesus Christus.

- Die gebod het vir ons Christene 'n groter betekenis as vir die ongelowiges, want ons verwerf juis die ewige lewe deur die Here Jesus Christus.
- Daarom handhaaf Hy ook die sesde gebod oor ons. Hy bewaar ons in hierdie lewe en in die toekomstige lewe.

Hy bewaar ons nie net so dat ons elke dag ongeskonde ons hoofde vir ons nagrus kan neerlê nie.

- Hy bewaar ons in lewe, sodat ons ook in die hemel kan lewe.
- “Jy mag nie doodslaan nie” beteken dan ook vir ons dat ons in die Here Jesus Christus moet glo, en Hom moet soek, sodat ons die ewige lewe kan hê – want sonder die ewige lewe, is ons in die ewige dood.
- Dit is doodslag teenoor onself as ons dié gedeelte van hierdie gebod verwaarloos in ons lewens.

Kom ons lees saam wat ons belydenis hiervan sê in die Heidelbergse Kategismus Sondag 40:

Vraag 105: Wat eis God in die sesde gebod?

Antwoord: Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).

(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25; 18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

Vraag 106: Praat hierdie gebod net van doodmaak?

Antwoord: Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan (a), soos afguns, haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku.. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).

(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.

Vraag 107: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie?

Antwoord: Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 32:1 (p. 153)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyd.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Bevestig Eric Clack snr en Eric Clack jnr as ouderlinge.

Psalm 134:4

Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en - dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 11 Oktober 2009

Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam

Datum: 9 Desember 2012

Opskerpingstekst:

As daar oor ons onheil kom—swaard, straf of pes of hongersnood—sal ons voor hierdie huis en voor u aangesig gaan staan; want u Naam is in hierdie huis; en ons sal U aanroep uit ons benoudheid, dat U kan hoor en verlos. (2 Kronieke 20:9 AFR1953)